INFORMELE ASSESSERING
COVID-19
Memorandum

* Maklik	** Gemiddeld	*** Uitdaging

A. Lees die onderstaande nuusberig en beantwoord die vrae wat volg:

COVID-19: Moeder Natuur herstel

Geskryf deur Sandy Cook, Mei 2020

Terwyl mense wêreldwyd tuis ingeperk is, kan die diereryk weer asemskep, al is dit dan ook net kortstondig. G'n leeu hoef hom immers aan die inperking te steur nie, en dan kan die koning van die diereryk mos maar sy uiltjies in die oopte knip. Dié dat Krugerwildtuinbewaarder Richard Sowry onlangs 'n foto kon neem van 'n trop leeus wat helder oordag op die teerpad skuinslê. Nadat die Kruger sy hekke vir inperkings moes sluit, is koning leeu weer baas van die plaas.

Dwarsoor die wêreld waag diere dit nou op plekke wat voorheen van mense gewemel het. Pikkewyne waggel deur die strate van Simonstad naby Kaapstad, wolwe loop deur San Francisco in Amerika en bergbokke baljaar op 'n dorp in Wallis.

Tog is sommige natuurbewaarders bekommerd dat die voortslepende pandemie daartoe sal lei dat stroping toeneem. Hul voorspel dat veral stroping van renosterhoring en ivoor sal toeneem wanneer mense geen ander alternatiewe inkomste het nie. Matt Brown van die liefdadigheidsorganisasie, The Nature Conservancy, waarsku dat ons meer waaksaam as ooit moet wees om kritiek bedreigde spesies in hierdie tyd te help en beskerm. Want lank na COVID-19 wil ons die aarde steeds met ons diere bure deel.

1. Deur wie is die nuusberig geskryf? * Sandy Cook
2. Wat het die wêreldwye inperking veroorsaak? **

   Die wêreldwye epidemie COVID-19.
3. Waar is die foto's van die leeus in die pad geneem? *

   In die Nasionale Krugerwildtuin.

4. Waaroor is natuurbewaarders bekommerd? **

   Dat die pandemie daartoe sal lei dat stroping toeneem.

5. Watter twee items sal waarskynlik meer gestroop word? **

   Renosterhoring en ivoor.

6. Wat beteken die woorde “uiltjie knip”? ***

   Dit beteken vir ’n kort tyd te slaap. Dit gebeur gewoonlik gedurende die dag.

7. Wat is die versamelnaam vir leeus? ** ’n Trop leeus.

8. Vul die toepaslike werkwoorde in die oop spasies in: *

   Die pikkewyne waggel deur die strate van Simonstad, wolwe loop rond in San Francisco en die bergbokke baljaar in ’n dorpie in Wallis.

9. Dink jy dis belangrik om bedreigde spesies te beskerm? Motiveer jou antwoord. *** Eie opinie.

   Moontlike antwoord: Ja. As ons nie bedreigde spesies beskerm nie, sal hulle uitsterf en ons nageslagte sal nooit die diere kan sien nie.

10. Hoe dink jy voel dit vir die diere wanneer hulle in die wildtuin beweeg en geen mense gewaar nie? Motiveer jou antwoord. ***

    Eie mening.

    Moontlike antwoord: Ek dink hulle was baie bly omdat hulle vry kon rondloop sonder die gevaar van mense om hulle.

B. Skryf ’n kortverhaal van 120 – 140 woorde. Kies een van die onderstaande onderwerpe vir jou kortverhaal.

- ’n Familielid het moontlik COVID-19
- Tydens die inperking, uit die oogpunt van ’n dier.
- Tydens die inperking, uit die oogpunt van ’n kind.

Rubriek:

	5	4	3	2	1
Beplanning	• Die leerder het al die blokke van die breinkaart deeglik voltooi.	• Die leerder het die blokke van die breinkaart voltooi.	• Die leerder het van die breinkaart blokke voltooi.	• Die leerder het meer as een blok van die breinkaart uitgelaat.	• Die leerder het ’n paar woorde op die bladsy neergeskryf wat nie sin maak nie.
Inhoud en struktuur	• Die storie word uitstekend uitgedruk en byna foutloos. Die storie kan maklik verstaan word.	• Die storie word op ’n duidelike en georganiseerde manier uitgedruk. Die storie kan maklik verstaan word.	• Die storie word duidelik uitgedruk.	• Die storie volg nie in logiese volgorde nie. Dit maak die storielyn moeilik om te verstaan.	• Die storie word swak uitgedruk. Die storie bestaan uit onsamehan-gende sinne. Dit is moeilik om die storie te verstaan.
Taalgebruik en spelling	• Geen foute op spelling. • Baie goeie woordeskat gebruik.	• Amper geen foute op spelling. • Goeie woordeskat is gebruik.	• Daar is ’n paar foute op spelling. • Woordkeuses is nie oral goed nie.	• Daar kom baie spelfoute voor.	• Baie eenvoudige woorde is gebruik en steeds verkeerd gespel.

C. Vind die versteekte woorde in die woordsoek hieronder:

A	B	C	D	E	E	F	G	H	I	J	M	K
L	M	H	N	N	O	O	D	G	E	V	A	L
O	P	E	R	T	S	T	U	V	W	Y	S	A
V	I	R	U	S	B	C	S	D	E	F	K	G
H	I	S	J	T	K	S	I	E	K	T	E	L
M	N	T	O	O	P	P	M	R	W	S	R	T
U	V	E	W	F	Y	A	P	B	A	C	D	E
C	F	L	G	H	I	J	T	K	R	L	M	N
O	O	P	R	S	I	S	O	L	A	S	I	E
V	T	U	V	W	Y	A	M	B	N	C	D	E
I	M	M	U	N	I	T	E	I	T	F	G	H
D	I	J	K	L	M	N	O	P	Y	R	S	T
U	V	I	N	P	E	R	K	I	N	G	W	Y

Woordelys

Entstof	Masker	Noodgeval	Herstel
Virus	Simptome	Siekte	Kwarantyn
Isolasie	Immuniteit	Inperking	COVID